

Titel: 'n Tyd soos Hierdie
Spreker: Heinrich Titus
Datum: 5 September 2010
Tyd: 09:00



'n Doodloopstraat

Genesis 11:31-32

³¹En Tera het sy seun Abram geneem en Lot, die seun van Haran, sy kleinseun, en Sarai, sy skoondogter, die vrou van sy seun Abram, en dié het saam met hulle uit Ur van die Chaldeërs getrek om na die land Kanaän te gaan. En hulle het tot by Haran gekom en daar gaan woon. ³²En die dae van Tera was twee honderd en vyf jaar, en Tera het in Haran gesterwe.

Waar is jy?

Genesis 12:1-3

¹En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. ²En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. ³En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Stap vir stap

Genesis 12: 4

⁴Toe het Abram weggetrek soos die HERE hom gesê het, en Lot het saam met hom getrek. En Abram was vyf en sewentig jaar oud by sy vertrek uit Haran.

Wat hoor jy?

1 Konings 18: 41- 43

⁴¹Toe sê Elía vir Agab: Trek op, eet en drink, want hoor, die gedruis van die reën! ⁴²En Agab het opgetrek om te eet en te drink; maar Elía het op die top van die Karmel geklim en hom op die grond neergebuig en sy aangesig tussen sy knieë gesteek. ⁴³Daarop sê hy vir sy dienaar: Klim tog op, kyk uit na die see. En hy het opgeklim en uitgekyk en geroep: Daar is niks nie. Toe sê hy: Gaan weer — sewe maal.

Wat sien jy?

1 Konings 18: 43

⁴³Daarop sê hy vir sy dienaar: Klim tog op, kyk uit na die see. En hy het opgeklim en uitgekyk en geroep: Daar is niks nie. Toe sê hy: Gaan weer — sewe maal.

Wat hoor jy?

1 Konings 18: 44- 46

⁴⁴En die sewende maal roep hy: Daar gaan 'n wolkie soos 'n man se hand op uit die see. Toe sê hy: Gaan op, sê vir Agab: Span in en trek af, dat die reën jou nie terughou nie. ⁴⁵En in 'n oogwink was die hemel swart van wolke en wind, en 'n groot reën het gekom; en Agab het op die wa geklim en weggetrek na Jísreël; ⁴⁶maar die hand van die HERE was oor Elía, sodat hy sy heupe omgord en voor Agab uit geloop het in die rigting na Jísreël.

Wat doen jy?

Rut 3:1-6

¹Toe sê haar skoonmoeder Naómi vir haar: My dogter, sal ek nie vir jou 'n rusplek soek, dat dit goed met jou kan gaan nie? ²Nou dan, is Boas by wie se diensmeisies jy gewees het, nie ons bloedverwant nie? Kyk, hy wan vannag op die vloer gars uit. ³Was jou dan en self jou en trek jou klere aan, en gaan af na die vloer toe; laat jou deur die man nie herken totdat hy klaar geëet en gedrink het nie. ⁴Maar as hy gaan slaap, let dan op die plek waar hy gaan slaap; kom dan nader, maak sy voetenent oop en gaan lê; en hy sal jou te kenne gee wat jy moet doen. ⁵En sy antwoord haar: Alles wat u sê, sal ek doen. ⁶Daarop het sy afgestaan na die vloer en gedoen net soos haar skoonmoeder haar beveel het.

Waarvoor bid jy?

Matteus 7:7-11

⁷Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. ⁸Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. ⁹Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; ¹⁰en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? ¹¹As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!